LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

30-07-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 25 VIR 2018

4 Aug	NG Klipkerk - Basaar Daar gaan weer 'n Bulletjie Braai- en Koekversierings-kompetisie wees @ R50 per inskrywing. Kontak Riana (016) 341-2483.	Op kerkterrein

1 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 2:**
Suikerbosrand Eisteddfod se tweede gedeelte vind plaas vanaf 10-12 September. Inskrywings sluit op 15 Augustus en geen laat inskrywings word aanvaar nie. Hierdie inskrywings is slegs vir leerders wat Drama (vokaal en musiek) doen. Dit sluit in Monoloog, Bybel, Gedramatiseerde Prosa, Vertelende Prosa, Gedramatiseerde Poësie & Mimiek. Dans items sal later beskikbaar wees. Items is R35 per leerder. Sang (Groepe en Duet) beloop R60 per item en Konsert is R50. Die regte bedrag geld moet asb. in 'n koevert met leerder se naam op by die kantoor ingehandig word. Leerders wat belangstel kan vorms afhaal by Juf. Lizelle, Gr 1-3 en Juf. Madeleine, Gr 4-7.
Kuns: Sluitingsdatum vir inskrywings is 15 Augustus 2018 en Tema is Geboue. Alle kunsstukke moet teen 30 Augustus by Juf. Lizelle of Juf. Madeleine ingehandig word.

2 **KOOR**:
Juniorkoor:
Koor oefen Maandag, 30 Julie vanaf 14:00 - 14:45.
Seniorkoor:
Koor oefen Woensdag, 1 Augustus vanaf 14:00 - 15:45.
Baie belangrik!
Heidelberg Eisteddfod (kore) vind plaas op 17 Augustus. Daar is baie min tyd oor tot dan. Maak asseblief seker dat u kind al die oefeninge bywoon en nie ander afsprake reël in koortyd nie. Ons kan nie nou meer verskonings aanvaar nie! Indien daar wel 'n probleem opduik, kom maak asseblief persoonlik verskoning by Juf. Danell Oosthuizen of Juf. Sarita Sprong.

3 **LANDLOOP 2018:**
Oefentye is Maandae tot Donderdae vanaf 16:00 - 17:00 by Hoër Volkskool.
Ons neem Vrydag, 3 Augustus, tuis deel by Montessori School.

4 MINI-KRIEKET:

Geen oefening hierdie week nie, a.g.v. personeel in vergaderings. Volgende week oefen ons Maandag van 14:00 - 15:00 en nie Woensdag nie, a.g.v. die langnaweek.

Wedstryde:

18 Aug - Eligwa; 25 Aug - Handhawer; 8 Sept - Voorwaarts; 15 Sept - NWU KFC

5 KRIEKET:

Krieketoefening: Maandae en Dinsdae oefen 0/9 tot 0/11 vanaf 14:00 - 15:00 by die nette. Maandae oefen 2de en 1ste span vanaf 15:00 - 16:00 by die nette en Donderdae oefen hulle 14:00 - 15:00 by die nette.

6 MUSIEKFEES:

Ons beplan hierdie jaar 'n Musiekfees op 17 & 18 Oktober. Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees waaraan al die Volkies kan deelneem en saamwerk om dit iets regtig spesiaal te maak. Leerders kan briefies tot Vrydag, 3 Augustus ingee. Ekstra briefies is by Juf Madeleine Strydom beskikbaar. Daar is geen kostes aan verbonde nie, so kom ons kyk of ons dit 'n ware skoolpoging kan maak!

7 MINI-HOKKIE:

Alle spanne oefen op ons rugbyveld op Dinsdae en Donderdae. Oefentye vir Graad 1 en 2 seuns is vanaf 13:00 - 14:00. Graad 1 en 2 dogters en Graad 3 en 4 seuns en dogters oefen 14:00 - 15:00.

8 BILTONG EN DROëWORS:

Daar is Blouwildebees biltong en -droëwors te koop by Mnr Tiaan @ R100 vir 'n 500g pakkie.

9 SPREEKKOOR:

Ons oefen elke Maandag vanaf 13:00 - 13:30 in Juf. Monica se klas. Almal moet asb. daar wees.

10 PUBLIC SPEAKING:

Volkies gaan hierdie jaar wegspring met ons eerste Public Speaking-aand vir Graad 1-7 leerders op 24 Oktober 2018. Inskrywings sluit op 29 September en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Inskrywingsvorms kan vir Gr. 1-3 by Juf. Lizelle afgehaal word en Gr. 4-7 by Juf. Madeleine.

11 GRAAD RR KLAS:

Aansoek vir toelating tot ons Gr R klasse vir 2019 open Maandag, 30 Julie tot 21 September 2018. Die nodige vorms kan by Mev Chrissie Maré (ontvangs) afgehaal word. Dit is belangrik dat ouers alle dokumente moet inhandig saam met voltooide aansoeke. Drie Gr R klasse word beplan vir 2019. Dit is belangrik dat ouers aansoek doen vir toelating tot Gr R klasse. U aansoek verseker nie dat u kind outomaties plek in die Gr R klasse vir 2019 het nie. As gevolg van 'n tekort aan klaskamers gaan daar nie 'n Gr RR klas in 2019 wees nie. Ouers moet asb. alternatiewe reëlings tref.

12 SNOEPIE:

Die snoepwinkel is 'n gewilde "kuierplekkie" op ons skoolterrein. Baie leerders kry net op Vrydae ekstra snoepiegeld skooltoe. Die groep kinders is dan net te groot en die rye te lank op Vrydae. Ons versoek graag dat **ALLE GRONDSLAGFASE LEERDERS** voortaan eerder op **Woensdae** snoepiedag sal hou. Pizzas kan steeds op Vrydae gekoop word.

13 WISKUNDE OLIMPIADE:

Leerders (Graad 6 en 7) wat ingeskryf het vir die Wiskunde Olimpiade, skryf volgende week 6 Augustus om 14:00 tot 15:00 in Juf. Leonie se klas. 'n Oefenvraestel met 'n memo sal môre beskikbaar wees by Juf. Leonie.

14 BANDJIES:

Daar is 'n behoefte by skole om kontantvrye dienste te lewer. Ons het die opsie van bandjies waar ouers 'n sekere bedrag op die bandjie laai ondersoek, maar as gevolg van praktiese probleme gaan ons nie met die projek voort nie. Bestaande bandjies kan by die snoepie klaar gebruik word. Ouers wat bandjies aangekoop het sal ook hul R30 terug ontvang.

15 ANTI-BOELIE WEEK:

Ons het verlede week 'n baie suksesvolle anti-boelie week aangebied. Om die impak daarvan te versterk, versoek ons die ouers om op 'n gereelde basis met ons kinders by die huis daaroor te gesels. Leerders is vaardighede aangeleer om situasies te hanteer maar dit is belangrik dat dit versterk word deur ons voorbeelde as volwassenes. Dit is beslis waar dat ons kinders leer uit hoe ons optree in situasies eerder as wat ons sê.

16 BLIKKIESKOS PROJEK:

Die gemeenskap speel 'n baie belangrike rol in die sukses van ons skool. Die skool het egter ook 'n maatskaplike verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap. Maatskaplike dienste in Heidelberg is tans besig met 'n projek om blikkieskos in te samel vir minder bevoorregte mense. Ons skool is deel van die projek. Ons doen 'n ernstige beroep op ons ouers om die projek te ondersteun. Ons sal u nader aan die tyd in kennis stel wanneer u die blikkieskos kan skool toe stuur. Volkskool was nog altyd bereid om uit te reik na die behoeftes van die gemeenskap.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF